



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2016

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 60

TYD: 1½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
AFDELING A: OPSTEL (40 punte)
AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKS (20 punte)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: SKRYF EN AANBIED (OPSTEL)**VRAAG 1**

1. Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n opstel van 250–300 woorde.
2. Jy moet jou werk BEPLAN, REDIGEER en jou skryfstuk PROEFLEES.
Die beplanning moet voor die skryfstuk gedoen word.
3. Dui jou beplanning duidelik aan met die woord BEPLANNING, sodat daar nie verwarring ontstaan tussen jou beplanning en finale skryfstuk nie.
4. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale beplanning klaar oorgeskryf het.
5. Dui jou finale skryfstuk met die woorde FINALE PRODUK aan.
6. Voorsien die skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif.

LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
7. Dui die lengte van jou skryfstuk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die leesstuk aan.

OPSTEL OPDRAGTE:

1.1 **Hoe ek ternouernood aan die dood ontkom het.** [40]

OF

1.2 **EK IS LIEF VIR MY TAAL** [40]

1.3 Bestudeer die onderstaande visuele prikkels en ontwikkel jou eie tema. ONTHOU!!! Die opstel moet handel oor iets wat jy in die prentjies sien.


1.3.1



[Bron: Google prente] [40]

OF

1.3.2



[Bron: Google prente] [40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

1. Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100–110 woorde.
2. Jy moet jou werk BEPLAN, REDIGEER en jou skryfstuk PROEFLEES. Die beplanning moet voor die skryfstuk gedoen word.
3. Dui jou beplanning duidelik aan met die woord BEPLANNING, sodat daar nie verwarring ontstaan tussen jou beplanning en finale skryfstuk nie.
4. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale beplanning klaar oorgeskryf het.
5. Dui jou finale skryfstuk met die woorde FINALE PRODUK aan.
6. Voorsien die skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif.

LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
7. Dui die lengte van jou skryfstuk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die leesstuk aan.

TRANSAKSIONELE TEKSTE OPDRAGTE:**2.1 FORMELE BRIEF – AANSOEK OM BETREKKING**

Jy wil graag ekstra sakgeld tydens die skoolvakansie verdien. 'n Musiek- of klerewinkel in jou omgewing het iemand nodig wat die verkoops personeel elke dag met verskillende takies kan help.

Doen aansoek om die betrekking.

[20]

OF

2.2 HULDEBLYK

'n Leerder is onlangs in 'n tragiese motorongeluk oorlede.

Skryf 'n huldeblyk vir hom/haar wat jy tydens 'n saalbyeenkoms gaan lewer.

[20]

OF

2.3 ADVERTENSIE

Ontwerp 'n advertensie oor 'n nuwe soort roomys wat jy graag aan die leerders by jou skool wil bekendstel. Hierdie advertensie gaan in die skoolkoerant verskyn.

(ONTHOU! Geen punte word vir versierings toegeken nie.)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20
GROOTTOTAAL: 60